

## Kiepersol klink 'n glasier op sukses van Romanz-funksie

Kiepersol se streekbestuur het by sy vergadering Donderdagaand (17 Maart) kennis geneem van die finansiële verslag oor die Romanz-funksie wat die einde van verlede maand aangebied is. Die resultaat het alle verwagtinge oortref en die doelwit wat gestel is ver oorskry.

"Dit sou nie moontlik gewees het as ons lede nie baie hard gewerk het om kaartjies te verkoop vir die groot geleentheid wat saam met die Pierre van Ryneveld gemeenskapskerk aangebied is nie. Die sukses is verder verseker deur mense buite Sawa te betrek. Ek bedank graag elkeen wat deel was van hierdie grootse poging en ook die gemeenteraad wat ons vennote was", het Hennie Ferreira, streekvoorsitter gesê. 'n Glasie sjampanje is na die vergadering geklink om te bevestig dat dit 'n klinkende sukses was.

Die streekbestuur het ook die verslag oor die opname wat by lede oor die Presidente-saamtrek gemaak is ter tafel geneem. Dit is gedoen na aanleiding van die versoek wat Jurie Dreyer by die oop NUB gerig het. Oor die algemeen word die Presidente positief beleef en die belangrikste redes hoekom nie meer lede dit vanjaar kan bywoon nie is omdat die Paasnaweek so laat in April is en mense dit nou koppel aan ander vakansiedae om elders te gaan uitspan. Nog 'n rede is dat persoonlike en veral gesins- en gesondheidsomstandighede verhoed dat die geleentheid bygewoon kan word. Addisionele kommentaar is ook gelewer en die vertrouwe is uitgespreek dat dit die nodige aandag op nasionale vlak sal geniet.



Foto: Johann Lemmer, Frank Smith, Magriet Baker, Rigard Lemmer, Hennie Ferreira en Jerome Henning is baie in hulle skik en klink 'n glasier op die suksesvolle aanbieding van die Romanz-funksie.